Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 570 Cape Town, Kaapstad, 19 December 2012 **No. 36022**

THE PRESIDENCY

No. 1104 19 December 2012

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 23 of 2012: Higher Education and Training Laws Amendment Act, 2012

DIE PRESIDENSIE

No. 1104 19 Desember 2012

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet 23 van 2012: Wysigingswet op Wette op Hoër Onderwys en Opleiding, 2012

9 771682 584003 36022

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to12 December 2012)

ACT

To amend the Higher Education Act, 1997, so as to provide afresh for the establishment of a national institute for higher education; to extend the functions of a national institute for higher education; to provide for the appointment of an administrator for a national institute for higher education; to provide for the closure of a national institute for higher education; to extend the powers and functions of an independent assessor; to give the Minister the power to intervene in the case of poor or non-performance or maladministration by a public higher education institution; to provide for the dissolution of the council as well as procedure for such dissolution; and to extend the powers of an administrator to temporarily take over the management, governance and administration of the council of a public higher education institution; and to amend the National Qualifications Framework Act, 2008, so as to change the date on which the annual report of the South African Qualifications Authority must be submitted to the Minister; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 27 of Act 101 of 1997

1. Section 27 of the Higher Education Act, 1997, is hereby amended by the insertion after subsection (5) of the following subsections:

''(5A) The eligibility criteria for nomination and election as a member of a council of a public higher education institution referred to in subsection (4) must be determined by the institutional statute.

(5B) Any person who has been a member of a council of a public higher education institution under circumstances contemplated in sections 49A(4)*(a)* and 49E and who is implicated in the report of the independent assessor contemplated in section 47(1)*(b)*, is not eligible for reappointment as a member of a council of a public higher education institution.''.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(English text signed by the President)
(Assented to 12 Desember 2012)

WET

Tot wysiging van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, ten einde opnuut voorsiening te maak vir die instelling van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys; die werksaamhede van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys uit te brei; voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n administrateur vir 'n nasionale instituut vir hoër onderwys; voorsiening te maak vir die sluiting van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys; die bevoegdhede en werksaamhede van 'n onafhanklike assessor uit te brei; die Minister die bevoegdheid te gee om in te gryp in die geval van swak of wanprestasie of wanadministrasie deur 'n openbare inrigting vir hoër onderwys; voorsiening te maak vir die ontbinding van die raad asook prosedure vir sodanige ontbinding; en die bevoegdhede uit te brei van 'n administrateur om die bestuur, beheer en administrasie van die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys tydelik oor te neem; en tot wysiging van die "National Qualifications Framework Act, 2008", ten einde die datum te verander waarop die jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid aan die Minister voorgelê moet word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 27 van Wet 101 van 1997

1. Artikel 27 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby gewysig deur die volgende subartikels na subartikel (5) in te voeg:

"(5A) Die maatstawwe vir benoembaarheid en verkiesbaarheid as 'n lid van 'n raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys in subartikel (4) bedoel, moet deur die institusionele statuut bepaal word.

(5B) 'n Persoon wat onder omstandighede in artikels 49A(4)*(a)* en 49E beoog 'n lid van 'n raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys was en wat in die verslag van die onafhanklike assessor in artikel 47(1)*(b)* beoog, geïmpliseer word, is nie heraanstelbaar as 'n lid van 'n raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys nie.".

Substitution of section 38A of Act 101 of 1997, as inserted by section 3 of Act 38 of 2003

2. The following section is hereby substituted for section 38A of the Higher Education Act, 1997:

"**Establishment of national institute for higher education**

38A. (1) The Minister may, after consultation with the Council on Higher Education, establish a national institute for higher education as a juristic person **[in Mpumalanga and in the Northern Cape]** with a specific scope or application.

(2) A national institute for higher education is managed, governed and administered by a board.

(3) If the Minister establishes a national institute for higher education in terms of subsection (1), the Minister must prescribe particulars of the establishment of the national institute for higher education, its board and its specific scope or application in the Government *Gazette*.".

Substitution of section 38B of Act 101 of 1997, as amended by section 3 of Act 38 of 2003

3. The following section is hereby substituted for section 38B of the Higher Education Act, 1997:

"**Functions of national institute for higher education**

38B. (1) The functions of a national institute for higher education relate to its specific scope or application and are to—

(a) provide services to higher education within its specific scope or application;

(b) advance learning within its specific scope or application by ensuring collaboration, co-ordination or collaboration and co-ordination of the work of higher education institutions and national institutes for higher education; and

(c) advise the Minister on matters relating to its specific scope or application, or to higher education generally.

(2) Subject to subsection (1), the Minister must prescribe the functions of each national institute for higher education.".

Amendment of section 38C of Act 101 of 1997, as inserted by section 3 of Act 38 of 2003

4. Section 38C of the Higher Education Act, 1997, is hereby amended by the insertion of the following subsection after subsection (1):

"(1A) The majority of members contemplated in subsection (1) must have specific knowledge and experience—

(a) in higher education, generally; and

(b) in the scope and application of the institute established in terms of section 38A(1), specifically.".

Substitution of section 38H of Act 101 of 1997, as inserted by section 3 of Act 38 of 2003

5. The following section is hereby substituted for section 38H of the Higher Education Act, 1997:

"**Annual audit**

38H. The Auditor-General must audit the books of account and financial statements of a national institute for higher education and submit an audit report to the Minister within three months of receipt of the financial statements.".

Vervanging van artikel 38A van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 38 van 2003

2. Artikel 38A van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Instelling van nasionale instituut vir hoër onderwys**

38A. (1) Die Minister kan, na oorleg met die Raad vir Hoër Onderwys, 'n nasionale instituut vir hoër onderwys as 'n regspersoon **[in Mpumalanga en in die Noord-Kaap]** met 'n bepaalde bestek of toepassing instel.

(2) 'n Nasionale instituut vir hoër onderwys word deur 'n raad bestuur, beheer en geadministreer.

(3) Indien die Minister 'n nasionale instituut vir hoër onderwys ingevolge subartikel (1) instel, moet die Minister besonderhede van die instelling van die nasionale instituut vir hoër onderwys, sy raad en sy bepaalde bestek of toepassing in die *Staatskoerant* voorskryf.".

Vervanging van artikel 38B van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 38 van 2003

3. Artikel 38B van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Werksaamhede van nasionale instituut vir hoër onderwys**

38B. (1) Die werksaamhede van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys hou verband met sy bepaalde bestek en toepassing en is om—

(a) dienste aan hoër onderwys te verskaf binne sy bepaalde bestek of toepassing;

(b) leer binne sy bepaalde bestek of toepassing te bevorder deur samewerking, koördinasie of samewerking en koördinasie van die werk van inrigtings vir hoër onderwys en nasionale institute vir hoër onderwys te verseker; en

(c) die Minister van raad te bedien oor aangeleenthede wat verband hou met sy bepaalde bestek of toepassing, of met hoër onderwys in die algemeen.

(2) Behoudens subartikel (1), moet die Minister die werksaamhede van elke nasionale instituut vir hoër onderwys voorskryf.".

Wysiging van artikel 38C van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 38 van 2003

4. Artikel 38C van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) Die meerderheid lede in subartikel (1) beoog moet bepaalde kennis en ervaring hê—

(a) in hoër onderwys, oor die algemeen; en

(b) in die bestek en toepassing van die instituut ingevolge artikel 38A(1) ingestel, in die besonder.".

Vervanging van artikel 38H van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 38 van 2003

5. Artikel 38H van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Jaarlikse oudit**

38H. Die Ouditeur-generaal moet die rekeningboeke en finansiële state van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys ouditeer en binne drie maande na ontvangs van die finansiële state 'n ouditverslag aan die Minister

Substitution of section 38I of Act 101 of 1997, as inserted by section 3 of Act 38 of 2003

6. The following section is hereby substituted for section 38I of the Higher Education Act, 1997:

"**Annual report**

38I. (1) The board must, within three months after the end of each financial year, submit a report to the Minister which includes a financial statement on the performance of its functions during the preceding financial year.

(2) The annual report contemplated in subsection (1) must—

(a) fairly present the financial state of affairs of the national institute for higher education;

(b) fairly present its business;

(c) fairly present its financial results and financial position at year end;

(d) fairly present its performance against predetermined objectives;

(e) contain the audit committee's report; and

(f) contain any other prescribed information.".

Insertion of sections 38J, 38K, 38L, 38M, 38N and 38O in Act 101 of 1997

7. The following sections are hereby inserted in the Higher Education Act, 1997, after section 38I:

"**Intervention by Minister**

38J. (1) The Minister may issue a directive to the board of a national institute for higher education to take such action specified by the Minister if the national institute for higher education—

(a) is involved in financial impropriety or is being otherwise mismanaged;

(b) is unable to perform its functions effectively;

(c) has acted unfairly or in a discriminatory or an inequitable way towards a person to whom it owes a duty under this Act;

(d) has failed to comply with any law;

(e) has failed to comply with any directive given by the Minister under this Act; or

(f) has obstructed the Minister or a person authorised by the Minister in performing a function in terms of this Act.

(2) A directive contemplated in subsection (1) must state—

(a) the nature of the deficiency;

(b) the steps which must be taken to remedy the situation; and

(c) a reasonable period within which the steps contemplated in paragraph *(b)* must be taken.

(3) Before making a decision under subsection (1) the Minister must, subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000)—

(a) give notice to the board of the intention to issue a directive;

(b) give the board a reasonable opportunity to make representations; and

(c) consider the representations contemplated in paragraph *(b)*.

(4) *(a)* If the board fails to comply with the directive within the stated period, the Minister must dissolve the board and appoint an administrator to take over the functions of the board.

(b) For the purposes of paragraph *(a)*, sections 38K, 38L and 38M apply with the changes required by the context.

(5) If the Minister appoints an administrator in terms of subsection (4), the administrator may perform all the functions of the board, and an employee of the national institute for higher education in question must comply with a directive given by the administrator.

(6) The costs associated with the appointment of an administrator shall be for the account of the national institute for higher education in question.

Vervanging van artikel 38I van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 38 van 2003

6. Artikel 38I van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Jaarverslag**

38I. (1) Die raad moet binne drie maande na die einde van elke boekjaar 'n verslag wat 'n finansiële staat insluit aan die Minister voorlê oor die verrigting van sy werksaamhede gedurende die voorafgaande boekjaar.

(2) Die jaarverslag in subartikel (1) bedoel moet—

(a) die finansiële stand van die nasionale instituut vir hoër onderwys redelik weergee;
(b) sy besigheid redelik weergee;
(c) sy finansiële resultate en finansiële posisie teen jaareinde redelik weergee;
(d) sy prestasie teen voorafbepaalde oogmerke redelik weergee;
(e) die ouditkomitee se verslag insluit; en
(f) enige ander voorgeskrewe inligting insluit.".

Invoeging van artikels 38J, 38K, 38L, 38M, 38N en 38O in Wet 101 van 1997

7. Die volgende artikels word hierby na artikel 38I in die Wet op Hoër Onderwys, 1997, ingevoeg:

"**Ingryping deur Minister**

38J. (1) Die Minister kan 'n voorskrif aan die raad van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys uitreik om sodanige stappe te doen wat die Minister voorskryf indien die nasionale instituut vir hoër onderwys—

(a) by finansiële onbehoorlikheid betrokke is of andersins wanbestuur word;
(b) sy werksaamhede nie doeltreffend kan verrig nie;
(c) op 'n onregverdige of diskriminerende of onbillike wyse teenoor 'n persoon opgetree het teenoor wie hy ingevolge hierdie Wet 'n verpligting het;
(d) versuim het om aan 'n wet te voldoen;
(e) versuim het om 'n voorskrif na te kom wat kragtens hierdie Wet deur die Minister uitgereik is; of
(f) die Minister of 'n persoon deur die Minister gemagtig in die verrigting van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet gedwarsboom het.

(2) 'n Voorskrif in subartikel (1) beoog, moet—

(a) meld wat die aard van die tekortkoming is;
(b) meld watter stappe gedoen moet word om die situasie reg te stel; en
(c) 'n redelike tydperk meld waarbinne die stappe in paragraaf *(b)* beoog, gedoen moet word.

(3) Voor 'n besluit kragtens subartikel (1) geneem word, moet die Minister behoudens die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000)—

(a) aan die raad kennis gee van die voorneme om 'n voorskrif uit te reik;
(b) die raad 'n redelike geleentheid gun om vertoë te rig; en
(c) die vertoë in paragraaf *(b)* beoog, oorweeg.

(4) *(a)* Indien die raad versuim om binne die vermelde tydperk aan die voorskrif te voldoen, moet die Minister die raad ontbind en 'n administrateur aanstel om die werksaamhede van die raad oor te neem.

(b) By die toepassing van paragraaf *(a)*, is artikels 38K, 38L en 38M van toepassing met die veranderinge deur die samehang vereis.

(5) Indien die Minister 'n administrateur ingevolge subartikel (4) aanstel, moet die administrateur al die werksaamhede van die raad verrig, en 'n werknemer van die betrokke nasionale instituut vir hoër onderwys moet voldoen aan 'n voorskrif deur die administrateur uitgereik.

(6) Die kostes wat met die aanstelling van 'n administrateur gepaard gaan, is vir die rekening van die betrokke nasionale instituut vir hoër onderwys.

Appointment of administrator

38K. (1) Notwithstanding any other provision of this Act, the Minister may, after consultation with the board of a national institute for higher education, if practicable, appoint a person as administrator to take over the management, governance and administration of the national institute for higher education and to perform the functions of the national institute for higher education, if any of the following circumstances occur:

(a) An audit of the financial records of the national institute for higher education or a report by a Ministerial Committee reveals financial or other maladministration of a serious nature or the serious undermining of the effective functioning of the national institute for higher education;

(b) any other circumstances arising that reveal financial or other maladministration of a serious nature or the serious undermining of the effective functioning of the national institute for higher education; or

(c) the board of the national institute for higher education requests such appointment.

(2) The Minister may only act in terms of subsection (1)*(a)* or *(b)* if the appointment of an administrator is in the interest of the national institute for higher education in question and of higher education and training in an open and democratic society.

(3) *(a)* The Minister appoints an administrator for such period as may be determined by the Minister, but such period may not exceed two years.

(b) The Minister may extend the period contemplated in paragraph *(a)* once for a period not exceeding six months.

Assistance to administrator

38L. An administrator appointed under section 38K may, with the approval of the Minister, appoint any other person with suitable knowledge and experience to assist him or her in the performance of his or her functions.

Remuneration and allowances

38M. The Minister, in consultation with the Minister of Finance, may determine the remuneration and allowances to be paid to the administrator and to any other person appointed in terms of section 38L.

Dissolution of board

38N. The board is dissolved from the date on which the Minister appoints the administrator in terms of section 38K.

Disestablishment of national institute for higher education

38O. (1) The Minister may, after consultation with the Council on Higher Education and by notice in the *Gazette*, disestablish any national institute for higher education.

(2) Before making a decision under subsection (1) the Minister must, subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000)—

(a) give notice to the board of the intention to disestablish a national institute for higher education contemplated in subsection (1);

(b) give the board a reasonable opportunity to make representations; and

(c) consider such representations.".

Aanstelling van administrateur

38K. (1) Ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, kan die Minister, na oorleg met die raad van 'n nasionale instituut vir hoër onderwys, indien prakties moontlik, 'n persoon as administrateur aanstel om die bestuur, beheer en administrasie van die nasionale instituut vir hoër onderwys oor te neem en om die werksaamhede van die nasionale instituut vir hoër onderwys te verrig indien enige van die volgende omstandighede voorkom:

(a) 'n Oudit van die finansiële rekords van die nasionale instituut vir hoër onderwys of 'n verslag deur 'n Ministeriële Komitee finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of die ernstige ondergrawing van die doeltreffende funksionering van die nasionale instituut vir hoër onderwys blootlê;

(b) enige ander omstandighede wat ontstaan wat finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of die ernstige ondergrawing van die doeltreffende funksionering van die nasionale instituut vir hoër onderwys blootlê; of

(c) die raad van die nasionale instituut vir hoër onderwys sodanige aanstelling versoek.

(2) Die Minister kan slegs ingevolge subartikel (1)*(a)* of *(b)* optree indien die aanstelling van 'n administrateur in die belang van die betrokke nasionale instituut vir hoër onderwys en van hoër onderwys en opleiding in 'n oop en demokratiese samelewing is.

(3) *(a)* Die Minister stel 'n administrateur aan vir sodanige tydperk wat die Minister kan bepaal, maar sodanige tydperk mag nie twee jaar oorskry nie.

(b) Die Minister kan die tydperk in paragraaf *(a)* beoog, een keer met hoogstens ses maande verleng.

Bystand aan administrateur

38L. 'n Administrateur kragtens artikel 38K aangestel kan, met die goedkeuring van die Minister, enige ander persoon met gepaste kennis en ervaring aanstel om hom of haar in die verrigting van sy of haar werksaamhede by te staan.

Besoldiging en toelaes

38M. Die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, kan die besoldiging en toelaes bepaal wat aan die administrateur en aan enige ander persoon wat ingevolge artikel 38L aangestel is, betaal moet word.

Ontbinding van raad

38N. Die raad word ontbind vanaf die datum waarop die Minister die administrateur ingevolge artikel 38K aanstel.

Afstigting van nasionale instituut vir hoër onderwys

38O. (1) Die Minister kan, na oorleg met die Raad vir Hoër Onderwys en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige nasionale instituut vir hoër onderwys afstig.

(2) Voor 'n besluit kragtens subartikel (1) geneem word, moet die Minister, behoudens die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000)—

(a) aan die raad kennis gee van die voorneme om 'n nasionale instituut vir hoër onderwys af te stig soos in subartikel (1), beoog;

(b) die raad 'n redelike geleentheid gun om vertoë te rig; en

(c) sodanige vertoë oorweeg.''.

Amendment of section 41A of Act 101 of 1997, as inserted by section 6 of Act 55 of 1999 and amended by section 15 of Act 23 of 2001 and section 11 of Act 63 of 2002

8. Section 41A of the Higher Education Act, 1997, is hereby amended by the deletion of subsections (1) and (2).

Insertion of sections 45A and 45B in Act 101 of 1997

9. The following sections are hereby inserted in the Higher Education Act, 1997, after sections 45:

"**Investigation by independent assessor**

45A. (1) *(a)* The independent assessor has the power on receipt of a complaint or an allegation or on the ground of information that has come to his or her knowledge and which points to conduct such as referred to in section 45, to conduct an investigation for the purpose of determining the merits of the complaint, allegation or information and the manner in which the matter concerned should be dealt with.

(b) The format and the procedure to be followed in conducting any investigation shall be determined by the independent assessor with due regard to the circumstances of the case.

(c) The independent assessor may direct that any category of persons or all persons whose presence is not desirable shall not be present at any proceedings pertaining to any investigation or part thereof.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, no person may disclose to any other person the contents of any document in the possession of the independent assessor or the record of any evidence given to the independent assessor during an investigation, unless the independent assessor determines otherwise.

(3) The independent assessor may, at any time prior to or during an investigation, request any person contemplated in section 48 to assist him or her in the performance of his or her functions with regard to a particular investigation or investigations in general.

(4) *(a)* For the purposes of conducting an investigation the independent assessor may direct any person to submit an affidavit or affirmed declaration or to appear before him or her to give evidence or to produce any document in his or her possession or under his or her control which has a bearing on the matter being investigated, and may examine such person.

(b) The independent assessor or any person contemplated in section 48 and duly authorised thereto by the independent assessor may request an explanation from any person whom he or she reasonably suspects of having information which has a bearing on a matter being or to be investigated.

(5) A direction referred to in subsection (4) must contain particulars of the matter in connection with which the person is required to appear before the independent assessor and shall be signed by the independent assessor and served on the person either by a registered letter sent through the post or delivered by a person contemplated in section 48.

(6) The independent assessor may require any person appearing as a witness before him or her under subsection (4) to give evidence under oath or after having made an affirmation.

(7) The independent assessor or any person contemplated in section 48 may administer an oath to or accept an affirmation from any such person.

(8) *(a)* If it appears to the independent assessor during the course of an investigation that any person is being implicated in the matter being investigated and that such implication may be to the detriment of that person or that an adverse recommendation pertaining to that person may result, the independent assessor must afford such person or the council an opportunity to respond in connection therewith, in any manner that may be expedient under the circumstances.

Wysiging van artikel 41A van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 55 van 1999 en gewysig deur artikel 15 van Wet 23 van 2001 en artikel 11 van Wet 63 van 2002

8. Artikel 41A van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) te skrap.

Invoeging van artikels 45A en 45B in Wet 101 van 1997

9. Die volgende artikels word hierby na artikel 45 in die Wet op Hoër Onderwys, 1997, ingevoeg:

"**Ondersoek deur onafhanklike assessor**

45A. (1) *(a)* Die onafhanklike assessor het die bevoegdheid, by ontvangs van 'n klagte of 'n bewering of op grond van inligting waarvan hy of sy te wete gekom het en wat gedrag soos in artikel 45 bedoel impliseer, om 'n ondersoek te doen ten einde die klagte, bewering of inligting se meriete en die wyse waarop die betrokke aangeleentheid hanteer moet word, te bepaal.

(b) Die formaat en prosedure wat gevolg moet word in die uitvoer van enige ondersoek word met behoorlike inagneming van die omstandighede van die saak, deur die onafhanklike assessor bepaal.

(c) Die onafhanklike assessor kan gelas dat enige kategorie persone of alle persone wie se teenwoordigheid ongewens is nie by enige verrigtinge betreffende enige ondersoek of deel daarvan teenwoordig sal wees nie.

(2) Ondanks enigiets tot die teendeel in enige wet vervat, mag geen persoon die inhoud van enige dokument in besit van die onafhanklike assessor of die rekord van enige getuienis gedurende 'n ondersoek aan die onafhanklike assessor gelewer, aan iemand anders bekend maak nie, tensy die onafhanklike assessor anders bepaal.

(3) Die onafhanklike assessor kan, enige tyd voor of gedurende 'n ondersoek, enige persoon in artikel 48 beoog, versoek om hom of haar by te staan in die verrigting van sy of haar werksaamhede ten opsigte van 'n bepaalde ondersoek of ondersoeke in die algemeen.

(4) *(a)* Vir die doeleindes van die doen van 'n ondersoek kan die onafhanklike assessor enige persoon opdrag gee om 'n eedsverklaring of plegtige verklaring voor te lê of voor hom of haar te verskyn om getuienis te lewer of om enige dokument in sy of haar besit of onder sy of haar beheer voor te lê wat betrekking het op die aangeleentheid wat ondersoek word, en kan sodanige persoon ondervra.

(b) Die onafhanklike assessor of enige persoon in artikel 48 beoog en na behore deur die onafhanklike assessor daartoe gemagtig, kan 'n verduideliking van enige persoon vereis wat hy of sy redelik vermoed inligting het wat betrekking het op 'n aangeleentheid wat ondersoek word of ondersoek gaan word.

(5) 'n Opdrag in subartikel (4) bedoel, moet besonderhede bevat van die aangeleentheid na aanleiding waarvan van die persoon vereis word om voor die onafhanklike assessor te verskyn, en word deur die onafhanklike assessor onderteken en by wyse van óf 'n geregistreerde brief per pos óf deur aflewering deur 'n persoon beoog in artikel 48, op die persoon beteken.

(6) Die onafhanklike assessor kan van enige persoon wat kragtens subartikel (4) as 'n getuie voor hom of haar verskyn, vereis om onder eed of plegtige verklaring getuienis te lewer.

(7) Die onafhanklike assessor of enige persoon in artikel 48 beoog, kan so 'n persoon 'n eed of plegtige verklaring laat aflê.

(8) *(a)* Indien dit tydens 'n ondersoek vir die onafhanklike assessor blyk dat 'n persoon in die aangeleentheid wat ondersoek word geïmpliseer word en dat sodanige implikasie tot die nadeel van daardie persoon kan wees of dat 'n nadelige aanbeveling met betrekking tot daardie persoon die gevolg kan wees, moet die onafhanklike assessor sodanige persoon of die raad 'n geleentheid gun om in verband daarmee te reageer, op enige wyse wat onder die omstandighede gepas kan wees.

(b) If such implication forms part of the evidence submitted to the independent assessor during an appearance in terms of the provisions of subsection (4), such person must be afforded an opportunity to be heard in connection therewith by way of giving evidence.

(9) The independent assessor may allow a legal representative to assist a person contemplated in subsection (8), in accordance with section 3(5) of the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000).

Entering upon premises by independent assessor

45B. The independent assessor shall be competent to enter, or to authorise another person contemplated in section 48 to enter, any building or premises of the public higher education institution under investigation in terms of section 45 and to make such investigation or assessment as he or she may deem necessary, and to copy any documents on those premises which in his or her opinion has a bearing on the investigation.''.

Amendment of section 47 of Act 101 of 1997

10. Section 47 of the Higher Education Act, 1997, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

''*(b)* report in writing to the Minister of the findings of his or her investigation together with the reasons upon which the findings are based; and

(c) suggest appropriate measures and the reasons why the measures are needed.''.

Insertion of sections 49A to 49E in Act 101 of 1997

11. The following sections are hereby inserted in the Higher Education Act, 1997, after section 49:

''**Intervention by Minister**

49A. (1) The Minister may issue a directive to the council of a public higher education institution to take such action specified by the Minister if the public higher education institution—

(a) is involved in financial impropriety or is being otherwise mismanaged;
(b) is unable to perform its functions effectively;
(c) has acted unfairly or in a discriminatory or inequitable way towards a person to whom it owes a duty under this Act;
(d) has failed to comply with any law;
(e) has failed to comply with any directive given by the Minister in terms of section 42; or
(f) has obstructed the Minister or a person authorised by the Minister in performing a function in terms of this Act.

(2) A directive contemplated in subsection (1) must state—

(a) the nature of the deficiency;
(b) the steps which must be taken to remedy the situation; and
(c) a reasonable period within which the steps contemplated in paragraph *(b)* must be taken.

(3) Before making a decision under subsection (1), the Minister must subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000)—

(a) give notice to the council of the intention to issue a directive;
(b) give the board a reasonable opportunity to make representations; and
(c) consider the representations contemplated in paragraph *(b)*.

(b) Indien sodanige implisering deel vorm van die getuienis aan die onafhanklike assessor voorgelê tydens 'n verskyning ingevolge die bepalings van subartikel (4), moet sodanige persoon 'n geleentheid gegun word om deur middel van getuienis in verband daarmee aangehoor te word.

(9) Die onafhanklike assessor kan 'n regsverteenwoordiger toelaat om 'n persoon in subartikel (8) beoog by te staan, ooreenkomstig artikel 3(5) van die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000).

Betreding van perseel deur onafhanklike assessor

45B. Die onafhanklike assessor is bevoeg om enige gebou of perseel by die openbare inrigting vir hoër onderwys wat ingevolge artikel 45 ondersoek word, te betree of 'n ander persoon in artikel 48 beoog te magtig om dit te doen, ten einde sodanige ondersoek of assessering te doen wat hy of sy nodig mag ag, en om afdrukke van enige dokumente op daardie perseel te maak wat na sy of haar mening op die ondersoek van toepassing is.''.

Wysiging van artikel 47 van Wet 101 van 1997

10. Artikel 47 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(b)* skriftelik aan die Minister verslag doen oor die bevindings van sy of haar ondersoek en die redes waarop die bevindings gebaseer is; en

(c) gepaste maatreëls voorstel en die redes waarom die maatreëls nodig is, verstrek.''.

Invoeging van artikels 49A tot 49E in Wet 101 van 1997

11. Die volgende artikels word hierby na artikel 49 in die Wet op Hoër Onderwys, 1997, ingevoeg:

''**Ingryping deur Minister**

49A. (1) Die Minister kan 'n voorskrif aan die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys uitreik om sodanige stappe te doen wat die Minister voorskryf indien die openbare inrigting vir hoër onderwys—

(a) by finansiële onbehoorlikheid betrokke is of andersins wanbestuur word;

(b) sy werksaamhede nie doeltreffend kan verrig nie;

(c) op 'n onregverdige of diskriminerende of onbillike wyse teenoor 'n persoon opgetree het teenoor wie hy kragtens hierdie Wet 'n verpligting het;

(d) versuim het om aan 'n wet te voldoen;

(e) versuim het om 'n voorskrif na te kom wat ingevolge artikel 42 deur die Minister uitgereik is; of

(f) die Minister of 'n persoon deur die Minister gemagtig in die verrigting van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet gedwarsboom het.

(2) 'n Voorskrif in subartikel (1) beoog, moet—

(a) meld wat die aard van die tekortkoming is;

(b) meld watter stappe gedoen moet word om die situasie reg te stel; en

(c) 'n redelike tydperk meld waarin die stappe in paragraaf *(b)* beoog, gedoen moet word.

(3) Voor 'n besluit kragtens subartikel (1) geneem word, moet die Minister behoudens die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000) —

(a) aan die raad kennis gee van die voorneme om 'n voorskrif uit te reik;

(b) die raad 'n redelike geleentheid gun om vertoë te rig; en

(c) die vertoë in paragraaf *(b)* beoog, oorweeg.

(4) *(a)* If the council fails to comply with the directive within the stated period, the Minister must dissolve the council and appoint an administrator to take over the functions of the council.

(b) For the purposes of paragraph *(a)*, sections 49B, 49C and 49D apply with the changes required by the context.

(5) If the Minister appoints an administrator in terms of subsection (4), the administrator must perform all the functions of the council and an employee of the public higher education institution in question must comply with a directive given by the administrator.

(6) The costs associated with the appointment of an administrator shall be for the account of the public higher education institution in question.

Appointment of administrator

49B. (1) Notwithstanding any other provision of this Act, the Minister may, after consultation with the council of a public higher education institution, if practicable, appoint a person as administrator to take over the management, governance and administration of the public higher education institution and to perform the functions of the public higher education institution, if any of the following circumstances occur:

(a) An audit of the financial records of a public higher education institution or a report by an independent assessor reveals financial or other maladministration of a serious nature or serious undermining of the effective functioning of the public higher education institution;

(b) any other circumstances arising that reveal financial or other maladministration of a serious nature or the serious undermining of the effective functioning of the public higher education institution; or

(c) the council of the public higher education institution requests such appointment.

(2) The Minister may only act in terms of subsection (1)*(a)* or *(b)* if the appointment of an administrator is in the interest of the public higher education institution in question and of higher education in an open and democratic society.

(3) *(a)* The Minister appoints an administrator for such period as may be determined by the Minister but such period may not exceed two years.

(b) The Minister may extend the period contemplated in paragraph *(a)* once for a period not exceeding six months.

Assistance to administrator

49C. An administrator appointed under section 49B may, with the approval of the Minister, appoint any other person with suitable knowledge and experience to assist him or her in the performance of his or her functions.

Remuneration and allowances

49D. The Minister, in consultation with the Minister of Finance, may determine the remuneration and allowances to be paid to the administrator and to any other person appointed under section 49C.

Dissolution of council

49E. The council is dissolved from the date the Minister appoints the administrator in terms of section 49B.''.

(4) *(a)* Indien die raad versuim om binne die vermelde tydperk aan die voorskrif te voldoen, moet die Minister die raad ontbind en 'n administrateur aanstel om die werksaamhede van die raad oor te neem.

(b) By die toepassing van paragraaf *(a)*, is artikels 49B, 49C en 49D van toepassing met die veranderinge deur die samehang vereis.

(5) Indien die Minister 'n administrateur ingevolge subartikel (4) aanstel, moet die administrateur al die werksaamhede van die raad verrig, en 'n werknemer van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys moet voldoen aan 'n voorskrif deur die administrateur uitgereik.

(6) Die kostes wat met die aanstelling van 'n administrateur gepaard gaan, is vir die rekening van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys.

Aanstelling van administrateur

49B. (1) Ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, kan die Minister, na oorleg met die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys, indien prakties moontlik, 'n persoon as administrateur aanstel om die bestuur, beheer en administrasie van die openbare inrigting vir hoër onderwys oor te neem en om die werksaamhede van die openbare inrigting vir hoër onderwys te verrig, indien enige van die volgende omstandighede voorkom:

(a) 'n Oudit van die finansiële rekords van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys of 'n verslag deur 'n onafhanklike assessor finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of ernstige ondergrawing van die doeltreffende funksionering van die openbare inrigting vir hoër onderwys blootlê;

(b) enige ander omstandighede wat ontstaan wat finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of die ernstige ondergrawing van die doeltreffende funksionering van die openbare inrigting vir hoër onderwys blootlê; of

(c) die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys sodanige aanstelling versoek.

(2) Die Minister kan slegs ingevolge subartikel (1)*(a)* of *(b)* optree indien die aanstelling van 'n administrateur in die belang van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys en van hoër onderwys in 'n oop en demokratiese samelewing is.

(3) *(a)* Die Minister stel 'n administrateur aan vir sodanige tydperk wat die Minister kan bepaal, maar sodanige tydperk mag nie twee jaar oorskry nie.

(b) Die Minister kan die tydperk in paragraaf *(a)* beoog, een keer met hoogstens ses maande verleng.

Bystand aan administrateur

49C. 'n Administrateur kragtens artikel 49B aangestel kan, met die goedkeuring van die Minister, enige ander persoon met gepaste kennis en ervaring aanstel om hom of haar in die verrigting van sy of haar werksaamhede by te staan.

Besoldiging en toelaes

49D. Die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, kan die besoldiging en toelaes bepaal wat aan die administrateur en enige ander persoon kragtens artikel 49C aangestel, betaal moet word.

Ontbinding van raad

49E. Die raad word ontbind vanaf die datum waarop die Minister die administrateur ingevolge artikel 49B aanstel.".

Amendment of section 13 of Act 67 of 2008

12. Section 13 of the National Qualifications Framework Act, 2008, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) The SAQA must submit, on or before **[30 June]** 31 August in each year, to the Minister an annual report which includes the financial statements and audit reports.''.

Short title

13. This Act is called the Higher Education and Training Laws Amendment Act, 2012.

Ukuchibiyela isigaba 13 soMthetho 67 wezi-2008

12. Ngako-ke isigaba se-13 soMthetho woHlaka lweziQu lukaZwelonke, wezi-2008, uchitshiyelwe ngokufaka endaweni yesigatshana sesi-(2) lesi sigatshana esilandelayo:

''(2) Njalo ngonyaka ngalolu suku noma ngaphambi komhlaka **[30 Juni]** 31 Agasti i-SAQA kufanele ithumele umbiko wonyaka kuNgqongqoshe ohlanganisa izitatimende zezimali kanye nombiko wokucwaningwa kwamabhuku.''.

Kort titel

13. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Wette op Hoër Onderwys en Opleiding, 2012.